

Die kêrels stel altyd baie belang in enige bietjie nuus vanaf Suid-Afrika. Kosie Jooste se 4-weeklikse S.A.U.K.-program „Ver in die Wêreld" bly baie gewild en dae lank sien hulle daarna uit.

Radio-amateurlisensies is nou toegeken aan Johann van der Westhuyzen en Ryno van der Riet. Hulle roepseine is ZS6BCY en ZS6BCZ onderskeidelik. Op hierdie wyse sal hulle dus ook n geleentheid kry om te kan gesels met mense in Suid-Afrika.

MARION-EILAND

Die manne laat weet dat dit goed gaan met hulle asook met die brak Oubaas, 48 hoenders en 23 skape.

Die regatta op Gentoo-meer het skielik tot n einde gekom toe een van die vlotte in die yskoue water omgekeer het.

Gedurende April reeds het die temperature soms gedaal tot benede vriespunt en sneeu het n paar keer geval. Vir die meeste van die kêrels was dit die eerste keer dat hulle sneeumanne (of sneeumooiens?) kon bou of mekaar met sneeballe kon peper. Die moerasse het egter n hele paar slagoffers geëis van die vlugtende „sneeusoldate" tydens dié sneeugevegte.

Daar is heelwat vis om te vang in die see maar uit die ware visterman se oogpunt is dit nie juis die moeite werd om daar te vang nie want dié visse byt te maklik.

Een van die kêrels het n tydelike vulsel gekry nadat die goud uit een van sy voortande geval het.

Hulle het ook n seepkisklub gestig waar elkeen dan die kans kry om sy kis te bestyg en sy sê te sê; op hierdie manier los hulle allé huislike, plaaslike, politieke en ander probleme op.

GOUGH-EILAND

Met die kêrels op Gough-eiland gaan dit ook baie goed. Net soos op Marion, word hulle blikkieskosrantsone ook aangevul met vars vleis. Daar is tans 22 skape op twee weidingsplekke versprei asook n klompie hoenders. Onlangs het die manne die hoenders in hulle hokke deur die rivier gedra. Daar was glo heelwat probleme en teen die aand se kant was daar ook taamlik baie nat en modderbesmeerde klere.

Onlangs is n nuwe brug oor die riviertjie gebou waaroor die kêrels maklik by die ballonhut kan kom.

DIE WEER VAN DIE MAAND, MEI 1961

D.O. Triegaardt

Die drukafwykings op alle vlakke vir die maand toon n groot ooreenkoms met dié van April en dit wil voorkom asof dié twee maande gekenmerk was deur basies dieselfde tipe sirkulasie. Vir albei maande was die druk relatief hoog suid van die vasteland met n negatiewe afwyking oor die sentrale dele van die land en n positiewe afwyking oor die noordoostelike dele van die binneland. Albei maande was gekenmerk deur bo-normale reënval oor die somer- en herfsreënvalgebiede.




FIG. 5

500 mb KONTUERKAART OP DIE 26e MAART (KOMBINASIE VAN 0500 en 1100 G.G.T. WAARNEMINGS)

NUUSBROKKIES

AFLOS VAN EILANDPERSENEEL: Die aflosspan vir Marion het op 15 Maart met die „Shackleton“ uit Kaapstad vertrek en op die 19e daar aangekom, op die 21e weer vertrek met die terugkerende personeel en op die 26e weer in Kaapstad terug gekeer. Mnr. J.J. Smit, administratiewe beampte vir eilande, het die reis meegemaak.

Op 28 Maart het die skip weer uit Kaapstad vertrek op weg na Tristan da Cunha en Gough om aflosspanne ook na hierdie eilande te neem. Ons wil graag namens die Weerburo al die teruggekeerdes baie hartlik terug verwelkom. Besonderhede van die aflosspanne en teruggekeerdes sal in die personeelveranderings gevind word.

WAGHOND VIR MARION: Die manne wat vanjaar na Marion toe is, het besluit dat hulle graag, behalwe vir al die voëls en see-olifante, nog n inwoner op die eiland wil hê. Daar is toe goedkeuring gevra en na n lang soektog het hulle n klein hondjie in die hande gekry. Nouja, die moorste van honde is hy nie juis nie maar aan energie en kwaaijongstreke ontbreek dit hom glad nie. Op die 8e Maart het hulle toe n braaivleis gereël en so teen half-nege die aand is „Oubaas“ heel plegtig gedoop. Ons wens hulle alle sukses met die grootmaak en opvoeding van die knaap.

Weerburo Nuusbrief No. 144
(Maart 1961)

NUUS VAN WEERKANTORE

PORT ELIZABETH

Op 23 Mei het 'n Dakota-vliegtuig van die Franse Lugmag op 'n vlug vanaf Lourenco Marques na Kaapstad op Port Elizabeth geland. Gelukkig kon die bemanning so 'n bietjie Engels praat en ons kon mekaar darem verstaan met die bespreking en uitreiking van die voorspelling. Gedurende die maand het ons 'n brief ontvang van Queens University in Kanada waarin navraag gedoen word in verband met reënval in Port Elizabeth. Die brief word aan Hoofkantoor gestuur vir beantwoording deur die reënvalseksie.

BLOEMFONTEIN

Dit was 'n betreklike droë maand met reën alleen op twee dae toe 2.9 mm geval het teenoor 'n gemiddelde van 24.9 mm vir Mei.

Andersins was weerstoestande vir die maand min of meer normaal.

Op die eerste van die maand ontvang ons 'n blitsbesoek van mnr. S.A. Engelbrecht, maar die 20 minute wat hy oorgebly het was te kort om al die vrae te stel wat ons wou vra.

'n Vroueklerk in die persoon van mej. M.M. Coetzee aanvaar diens op 10 Mei.

Die O. en M-afdeling lê besoek af by die lughawe, maar het nie veel vir ons te sê nie.

Op 25 Mei installeer mnr. Mills 'n instrument om lug- en reënwatermonsters te versamel vir analise.

NOUSITEMS VAN DIE EILANDSTASIES EN ANTARKTIKA

saamgestel deur J.J. la Grange

MARIONEILAND

Die volgende boodskap was ontvang van Jan Nagel vir insluiting in die S.A.U.K. se spesiale program „Ver in die Wêreld“ op 31 Mei 1962:

Mens maar dis 'n aangename gevoel om daardie alombekende deuntjie oor die S.A.U.K. te hoor en te weet dis nou jou land se mense wat weer van hulle laat hoor. Ja, daar trek so 'n lekker gevoel hier bo van jou kophare al langs jou ruggraat af tot onder by jou hakskeene uit om maar net telkens weer die sirkel te voltooi as jy 'n geliefde stem hoor.

Baie van die ouers sal hul seuns nie meer herken nie. Hulle is moddervet, daar begin nou op sulke snaakse plekke knoppe uitkom dat jy 'n man eers moet skop om te sien waar sy kop is, met ander woorde dit gaan baie goed hier op Marion.

Kerneels die kat, dit is nou die een wat die operasie ondergaan het, en Oubaas die berugte waghond (Joos weet wat hy oppas, maar toe maar) het van groot belang vir die wetenskap geword. Die storie gaan eintlik so: elke Sondag kry 'n ander man 'n beurt om te kook. Aan party manne se kookvermoë word daar baie getwyfel, ek meen ek sê maar net; nogal 'n redelike grondige rede as mens daaraan dink dat een van die vier verlede Sondag „Vim“ by die pampoene gegooi het in plaas van meelblom, nouja toe die transaksie begin blaas en borrels maak en alles lyk nou nie meer so pluus nie - maar wag ek dwaal af van die werklike verhaal. Sien, voordat ons waag om te gaan eet, kry Oubaas en Kerneels eers die kans om te sien of alles wel is, met ander woorde, hulle het intussen proefkonynne geword. Die ander aand juis moes Kerneels eers 'n koeksister probeer. Hy het net een slag gekyk en hom toegeskop onder die sand; onnodig om te sê ons het nie meer van koeksisters gehou nie. Oubaas knor weer keer op keer vir die pannekoek. Ek sal maar swyg oor wie die kok was; almal is nog ongetrou en almal moet nog vrouens kry.

Op die oomblik het die manne 'n groot affiniteit vir sneeuballe en ek dink so 'n koue stuk sneeu is net die ding om 'n warm gees op te bou.

roller F. Roller G is used for winding the paper off roller F and the instrument is so constructed that roller G is easily detachable. In the same way, the feeder roll H is also easily detachable.

The sensitive paper is arranged to pass an opening 8 cm x 10 cm in the top of the instrument. The opening is fitted with a shutter, which is operated from a timing device and is timed to open for 5 seconds, or less if necessary, every minute. From the same timing device a further cam is fitted in order that the paper would travel for 40 seconds and stop for 20 seconds. This serves two purposes. Firstly to ensure that when the shutter is open, the paper would be stationary and secondly to give the paper an extra chance to dry out.




FIG.2 TWO CAMS OPERATING SHUTTER AND PAPER FEED

The timing device is operated by a second synchronous motor which has a speed of one revolution per minute. On to the spindle of this motor are fitted two cams, insulated from each other. The one cam, used for the operation of the shutter, has a contact surface corresponding to the already mentioned 5 seconds, while the other, used for the travel of the paper, has a contact surface corresponding to 40 seconds.

The cams are arranged as shown in Figure 2. The opening and closing of the shutter is operated by means of an overdrive solenoid coil as used in many makes of motor cars. A 12-volt battery is used for the functioning of this coil. Sparking between the contact point and the cam is practically eliminated by means of a condenser. By means of a system of levers, the required movement of 10 cm, with sufficient power to ensure the efficient operating of the shutter, is easily obtained.

The synchronous motors are operated from 50 volts A.C. and the instrument casing, which is constructed from aluminium angle and aluminium sheet, is provided with a good earth.

NEWS FROM THE ISLAND STATIONS AND S.A.N.A.E.

MARION ISLAND

Jan Nagel reports from his outpost as follows:-

"During the month October we had sunshine galore, odd as it may sound. Especially our maximum of 12.2 hours on the 24th with the highest temperature of 15.1°C is something to write home about. Any ideas that this happens every day should be dismissed. The monotonous alternations of high and low pressure systems brought a lot of rain and on one occasion, by our standards, a heavy snowstorm. Our lowest temperature was minus 1.7°C.

In spite of this, October was regarded as "die mooiste maand", even though we don't have Jacaranda trees to back up this statement. We have no trees at all for that matter. Ex-students amongst us disagree with the myth that the magnificent mauve blossoms are beautiful and maintain that they have some macabre connection with wreaths. Maybe the coinciding examination time of the Pretoria University has something to do with their feelings.

Woods Bureau
(Nov 1962)

After an absence of five months the first Rockhopper penguins have made their re-appearance, their hoarse cries are welcome sounds. With the change in the weather the traditional excursions to ships' cove, about three miles from the station, have started. It is there that the Solglimt stranded in 1908 and the foundations of the huts in which the crew lived, can still be seen.

A soccer match was staged on the 24th with Outbaas, our local canine friend, as referee. A lot of exercise was gained chasing the referee, who persisted in running away with the ball. After the referee was unceremoniously dumped into a convenient pool of water, the game vastly improved.

Numerous rats are still roaming the island; some have developed a special affinity for radio theodolite paper, but refuse to do an ascent! Kerneels, the cat, has disappeared and we trust that he is doing his duty while absent from the station! All in all we had a very enjoyable and fruitful month."

GOUGH ISLAND

News from Gough Island was scarce this month which means that all is well there. The scarcity is probably due to the fact that the men on the island are kept too busy otherwise and no time is left for compiling signals. Remember the RSA is in that vicinity.

Piet le Roux, the leader, tells us that if it was not for the lack of suitable ground space, they could have staged a soccer competition with at least five competing teams. The RSA brought material for the erection of a new base at Transvaal Bay near the south-eastern tip of Gough. Jannie Kotze (FWD foreman) and six artisans are working hard to complete the building programme in time. Phil Dawson and two assistants are erecting the radiomasts. Both Jannie and Phil are old hands, which helps a lot to speed up the work.

While all this activity is going on, the main reason for our presence here, is not forgotten and the routine meteorological functions at the Glen are carried out as usual. The upper air section did very well indeed and throughout the month it was not necessary to do a second radiosonde ascent on any day. In all cases the TEMP was sent in together with the 0800 SAST SYNOP. The ascents reached excellent heights and appreciation of the Pretoria forecasters was expressed in the signal:-

"Your work is of great value and helps to ease the work of the Forecasting Office."

S.A.N.A.E.

Martin du Preez reported that things are going well at SANAE. The men are healthy and in good spirits and the work is proceeding as planned. The only complaint is really that there is not enough time in which to do all the work they would like to undertake. This has, of course, a familiar ring in these regions, especially from those men who can only complete certain parts of their programmes during the all too short summer season, among these are the geologists, glaciologists, surveyors and biologists.

Apart from the planned trips to the mountain region, a few shorter journeys are being prepared, mainly to the coastal area. As many as possible of the personnel who can be spared at the station will take part in these excursions to give everybody where possible a chance to get away from the station after the long winter months.

Here follows SANAE's weather during October, if only to make readers in South Africa feel more satisfied with their sunny climate:-
Average temperature minus 22.9°C, average daily maximum minus 17.9 and average daily minimum minus 29.5°C. The highest temperature for the month was minus 11.0°C and